



NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
VOORBEELDVRAESTEL 2008

**AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL I
(LEESVRAESTEL – LU 2 EN LU 4)**

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur

100 punte

AFDELING A

VRAAG 1

- 1.1 Nee, dit is 'n weeklikse kolom/ rubriek. Die kolom het sy eie hofie (Blouwillemaandag op 'n Dinsdag) met selfs 'n penskets daarby. Dit word dus weekliks gepubliseer. 'n Briefskrywer rig hom/ haarself gewoonlik tot die redakteur van 'n koerant. Die styl is skertsend terwyl 'n brief aan die koerant dikwels 'n meer ernstige toon aanneem.
(Enige twee oortuigende redes.) (2)
- 1.2 Ouboe word as 'n eienaam in paragraaf 3 gebruik, maar in paragraaf 1 is Tom die eienaam en 'ouboe' slegs die titel. (1)
- 1.3 Ja, die spreker gebruik die briefformaat en skryf aan 'n familielid, so dit pas by die styl en toon van die teks (aangesien dit ook handel oor 'n saak wat baie mense boos maak).
Óf ...
Nee, kru woorde behoort nooit gebruik te word nie, veral nie in 'n massakommunikasiemiddel soos 'n koerant nie. (2)
- 1.4 1.4.1 Hy neem 'n sarkastiese/ siniese toon aan. (1)
- 1.4.2 brood- en brandstofpryse.
Dit voorkom die onnodige herhaling van woorde (m.a.w. woorde ekonomie). (1)
- 1.4.3 Die krag gaan letterlik af of die prys van die krag gaan af. (1)
- 1.5 'n Verkeerslig wat nie altyd werk, a.g.v. beurtkrag nie./ Verkeersligte is ook van elektrisiteit afhanklik en wanneer die beurtkrag inskop sal hulle ook nie werk nie. (1)
- 1.6 1.6.1 *Daardie arme man het geen idee nie/ weet glad nie wat aangaan nie.* (1)
- 1.6.2 *... presies reg bereken/ uitgewerk ...*
(Kyk ook na ander moontlikhede hier vir beide.) (1)
- 1.7 1.7.1 In plaas van die akroniem, ESKOM, word gesuggereer dat ESKOM 'dom' is.
(Ek is dom) (2)
- 1.7.2 Ja, dit is deur Eskom se domheid (swak beplanning en hardkoppigheid) dat ons nie vandag genoeg kragvoorsiening het nie. Hulle moet boet vir die foute wat hulle gemaak het en as die media (en gewone mense) hulle verkleineer, verdien hulle dit.
Óf ...
Nee, dit is nie net Eskom se fout dat ons nou deur hierdie krisis gaan nie. Vir baie jare het net 'n klein groepie mense voordeel uit hierdie maatskappy se dienste getrek, maar die aanvraag is nou soveel groter dat hulle nie verantwoordelik gehou kan word en van domheid beskuldig word nie. (2)
- 1.8 1.8.1 As jy heimlik kwaad doen/ iets in die geheim doen. (Dit word dikwels gesê van ongeoorloofde liefdesverhoudings.) (1)

- 1.8.2 Dit gaan redelik donker wees by die partytjie (a.g.v. die kragkrisis), so die partytjiegangers sal mekaar nie kan sien nie EN as paartjies die kat in die donker gaan knyp gaan hulle dalk meer daarin belangstel om aan mekaar te vat as om vir mekaar te kyk. (2)
- 1.9 Die verkleinwoorde pas aan by die minderwaardigheidsgevoel van die spreker. Hy toon ook aan watter nietige dingetjies hy nodig het, maar hy kan selfs dit nie eers meer gedoen kry of geniet in hierdie situasie nie. (2)
- 1.10 1.10.1 figuurlik (1)
- 1.10.2 letterlik (1)
- 1.10.3 Die president sorg nou dat Eskom-base hulle werk doen terwyl gewone mense moet vuur maak met gas of kole om te kan kook. (1)
- 1.11 Dis nou al 'n geruime tyd dat Zimbabwe gebuk gaan onder ekonomiese en sosiale onderdrukking. Suid-Zimbabwe verwys dus daarna dat Suid-Afrika self op pad is na hierdie haglike situasie. (of ander sinvolle antwoorde) (2)
- 1.12 Die stippels word hier gebruik op twee maniere. Dit skep afwagting, gevolg deur die verrassende einde dat dit 'n kers is OF dui op die weglating van die oorspronklike einde van die uitdrukking nl. 'voor in die wapad brand 'n lig'. (Enige een van bg. twee moontlikhede.) (2)

[27]

VRAAG 2

- 2.1 2.1.1 Uit die inhoud blyk dit dat die skrywer se notas beslis nie altyd eerlik is nie. Die aanhalingstekens dui dus daarop dat sy eerlikheid betwyfel word. (1)
- 2.1.2 psigiater (1)
- 2.1.3 '... verkoop het, bied hy ook ...' (let op komma). (1)
- 2.1.4 Die waarheid, die volle waarheid en niks behalwe die waarheid nie, moet vertel word. Die waarheid' word met hierdie vorm beklemtoon soos ook in die artikel en nie die onbenullige 'jy' nie. (2)

2.2 Eerlik of taktvol

1. Wees eerlik as die polisie jou ondervra.
2. As 'n vrou vra of sy vet geword het, jok eerder.
3. Vertel die waarheid as jou huiswerk nie gedoen is nie.
4. Sê vir vriende of jy van 'n geskenk hou of nie, maar wees versigtiger met jou ouers.
5. Wees eerlik in verhoudings.
6. Moenie so eerlik wees dat jy dit later berou nie.
7. Jok vir misdadigers tot jy buite gevaar is.
8. Wees altyd doodeerlik met jouself.

Aantal woorde = 70

(10)

	Uitstekend	Bevredigend	Redelik	Ontoereikend
8 Moontlike punte uit die skrywer se wenke is genoem.	5	4 – 3	2	1
Nuwe opskrif, (ernstige en raadgewende) toon en styl geslaagd.	5	4 – 3	2	1
Vorm (genommer), bron, woordtal (getal en neerskrif) is korrek	5	4 – 3	2	1
Volsinne, taal en spel is korrek	5	4 – 3	2	1

Deel deur 2 vir 'n punt uit 10.

[15]

VRAAG 3

- 3.1 Die kat het horings en bokpote. (Die kat se oë is ook op skrefies getrek en sy mond hang oop en sy stert staan regop asof hy lekkerkry.) (2)
- 3.2 Selfstandige naamwoord (1)
- 3.3 Die woordsoort (en konteks/ styl waarbinne dit gewoonlik gebruik word) word aangedui; die taalgebruik laat dit soos 'n definisie van die woord klink; die inskrywings is genommer; sinonieme word aangedui; voorbeelde van hoe die woord gebruik word, word verskaf. (Enige 3.) (3)
- 3.4 'n Ram is 'n manlike bok of skaap, maar die kopieskrywer wil nie vrouelesers uitsluit by die definisie nie. (2)
- 3.5 Wonder. (s.nw) bv. Wat 'n wonder om so 'n vreemde dier te sien!
dus *wonder* as buitengewoon. (2)
- 3.6 Sinonieme is woorde met min of meer dieselfde betekenis as die oorspronklike woord. (1)
- 3.7 Afrikaans is die taal waarin *Insig* gepubliseer word en die taalwêreld waaroor die tydskrif skryf. Die maatskappy waaraan die tydskrif behoort is Media24. Dit is dus tot voordeel vir al drie partye om saam te adverteer en mekaar (en hulle aanhangers) te gebruik in hulle advertensie. (3)
- 3.8 Die leser word direk aangespreek met woorde soos 'joune' en 'jou'. (Die Afrikaanse leser sal ook (hopelik) trots ervaar en sodoende deel voel van hierdie gemeenskaplike bate.) (2)
- 3.9 Dis ironies dat 'n tydskrif wat so suksesvol was somer net onttrek is. 'n Mens sou tog verwag dat die tydskrif juis lank sou bly voortbestaan. (2)

[18]

VRAAG 4

- 4.1 4.1.1 Dronkenskap, slordigheid (sweetpakke) en die rook van dagga (Rastahare). (Enige twee). (2)
- 4.1.2 Hy dra 'n donkerbril en sandale en hou sy 'sigaret' op so 'n manier vas dat dit eerder na 'n daggazol lyk as 'n gewone sigaret. Ook sy daslose hemp en die gestreepte mus suggereer die kleredrag van Rastas. (2)
- 4.2 Die spreker se slepende 'sh'-klanke en die 'hik'-/ stotterende geluide (b ... baie) gedurende die tussenposes. (2)
- 4.3 Daar is 'n bottel in sy sak; hy moet teen die muur leun om homself regop te hou; sy neus is geswolle; sy oë lyk dik en asof hy sukkel om te fokus. (Enige twee.) (1)
- 4.4 Hy loop twee rye spore; hy het wingerdgriep; hy het te diep in die bottel gekyk, ens. (1)
- 4.5 Die spreker is bekommerd oor vandag se skoliere terwyl hy alles behalwe 'n voorbeeld stel met sy dronkenskap. (2)

[10]

70 punte

AFDELING B POËSIE

Kandidate moet TWEE vrae uit die voorbereide gedigte (vrae 5 tot 7) doen.
Vraag 8 is verpligtend.

VRAAG 5

- 5.1 Die skip (die Titanic) self. (1)
- 5.2 Dit dra verseker by tot die sukses. Die oordadige opnoem van luukses ondersteun die heersende materialisme en beklemtoon juis die kontras met die ontoereikende toerusting. Niks is gespaar vir die gemak van die (eersteklas-) passasiers nie, maar basiese veiligheidsmaatreëls is nie nagekom nie. (3)
- 5.3 Personifikasie (1)
- 5.4 Dit word verkleinerend gebruik aangesien die kaptein homself bo hulle waarskuwings gestel het. Die spreker gebruik die verkleining sarkasties om so die kaptein se egoïstiese houding aan te toon. (2)
- 5.5 Moontlike antwoord:
Strofe 1: Beide Nederland en Engeland het Suid-Afrika gekoloniseer (ook die bouers van dié skip). Suid-Afrika is ook gesien as die 'beloofde land' wat deur God (die beskermheer van skepe hier?) gestuur is om Sy lig (wit eiland van lig) uit te dra.
Strofe 2: Witmense in ons land het ook luuks gelewe (luukses was volop en uitspattig) ten koste van ander. Die land se skatte (goud, diamante en steenkool) is gebruik as 'n manier om net 'n sekere groep te verryk. Nogtans was daar nie voorsiening gemaak vir noodsaaklikhede nie (toerusting onvoldoende).
Strofe 3: Die 'winde van verandering' is o.a. 'n bekende toespraak (deur die Britse Eerste minister MacMillan) wat reeds in die 60erjare die einde van Apartheid bepleit het, maar nogtans wou leiers nie hoor nie.
Strofe 4: Die val van die onregverdige sisteem (die staal móés skeur toe dit nie meer kon buig nie) was onkeerbaar en die taal waarin hierdie sisteem bekragtig is, was uiteindelik tog Afrikaans.
- (Enige 4 van bogenoemde of ander oortuigende/ gefundeerde antwoorde kan aanvaar word.) (4)

[10]

VRAAG 6

- 6.1 Dit is die drie tye van die dag waartydens ons gewoonlik maaltye (soos in die titel) geniet. Die 'nou' is dus aandete. (2)
- 6.2 Die moeder van die spreker. (1)
- 6.3 6.3.1 Dit is dinge wat die spreker aan sy moeder herinner. (1)

- 6.3.2 Dit sluit eerstens aan by die vaste rympatroon (kruisrym) in die gedig. Tweedens pas dit ook by die idee dat die spreker voel dat hy nog steeds aan sy ma se rokspante vasklou. In die teenwoordigheid van al hierdie dinge wat hom aan haar herinner, voel hy eintlik oorweldig deur haar teenwoordigheid en weet hy, hy sal altyd onlosmaaklik in haar teenwoordigheid verkeer. (2)
- 6.4 Die klokkie het saam met die tyd verweer. Dit was dalk oorspronklik oorgeblaas met goud (soos wat die moeder eens in die fleur van haar lewe gestaan het), maar dit het later verslaan en silwerig vertoon (soos wat sy ma op 'n later ouderdom ook silwergrys geword het en haar uiterlike skoonheid en krag verloor het). Later word die kopermetaal van die klokkie blootgelê (net soos die essensiële herinneringe van sy moeder agterbly). Maar selfs hierdie herinneringe is feilbaar, net soos die klokkie wat ook verroes en uiteindelik stukkie vir stukkie afskilfer. OF elke keer wanneer die roes afskilfer en die metaal weer duidelik glim, word sy herinneringe aan haar weer helder en duidelik opgeroep. (4)

[10]

VRAAG 7

- 7.1 Iemand wat uit die woestyn kom, sal droogte ken en dus die uitkoms en wonder van reën goed verstaan. (1)
- 7.2 Dit dui op 'n versugting en verlange na die koms van die reën asook verwondering en'n ekstase oor die koms van die reën. (Dit funksioneer as 'n oopmaak vir die wonder van dit wat gaan afspeel.) (2)
- 7.3 Die hele gedig is 'n dans in progressie (aksie en reaksie). Daar is progressie in die beweging – die dans kom van ver: Eers is daar die uitnodiging van die suster waar sy al hoe nader kom (sy 'wink'en 'roep'). Dan van naderby: Sy 'vertel' en 'nooi' haar dansmaats uit om saam met haar by die bruilof te kom dans. Die diere (bo en onder die grond) aanvaar hierdie uitnodiging en hardloop om haar te ontmoet. Elke element in hierdie gedig het sy eie danspassies om uit te voer in hierdie dans. (3)
- 7.4 Die eerste vet druppels wat in die sand val en so hulle spore maak. (1)
- 7.5 Diertjies onder die grond/ insekte/ selfs bonatuurlike magte. (1)
- 7.6 **Herhaling** van woorde soos 'O die dans van ons Suster!', 'Ons Suster' en 'Jy het gekom!' asook die inkanterende effek van die 'en'-herhaling. (Herhaling + voorbeeld = 1 punt.)
Die progressie van die sterk personifikasie wat dwarsdeur volgehou en ontwikkel word. Dit sluit in die progressie van a) ver na naby (sien 7.3 se antwoord) asook b) hoog na laag ('bergtop' na 'die werf', 'die vlakte' 'onder die grond', 'trap af', 'sprei ... karos') en die klankprogressie ('krale skitter' na 'krale skud') en dan die stilte na die storm ('die asem van die wind raak weg' in rl. 23). (Progressie + 1 voorbeeld = 1 punt.) (2)

[10]

VRAAG 8 (VERPLIGTE VRAAG)

- 8.1 Die skoolhoof was 'n goeie sportman en hy het hard en lang ure gewerk vir die skool. (2)
- 8.2 'Toe het hy afgetree,' (1)
- 8.3 Die nuwe skoolhoof. (1)
- 8.4 'het sy bewonderaars mekaar verdring.' Waar hy altyd baie mense om hom gehad het, is daar nou niemand wat meer sy geselskap (of goedkeuring) opsoek nie. (2)
- 8.5 Die eertydse skoolhoof se agting is iets van die verlede. Waar hy voorheen soveel mag gehad het, het hy nou verander in 'n grap./ Aan 'n koninklike hof het die nar gewoonlik die minste status en word (natuurlik) nie ernstig opgeneem nie. (1)
- 8.6 Waar die skoolhoof se lewe eens opwindend en gevariëerd was, is dit nou voorspelbaar en eentonig (sonder inspirasie). (1)
- 8.7 Dit is dikwels slegs jou titel of die posisie wat jy beklee wat jou die aansien bring en jou ego word gestreel deur diegene wat glo dat jou invloed hulle posisie kan verbeter. Die oomblik wanneer jy nie meer in daardie posisie is nie, leer jy jou ware vriende ken en besef jy dikwels dat al jou bydrae gou vergete is. (So-iets.) (2)

[10]

30 punte

TOTAAL VIR HIERDIE VRAESTEL: 100 PUNTE